NET
JESUS CHRISTUS
RED

En sy sal 'n seun baar, en jy moet hom JESUS noem, want Hy sal sy volk van hulle sondes verlos. Matteus 1:21

Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Johannes 3:16

Jesus sê vir hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. Johannes 14:6

Die saligheid is ook in geen ander nie, want daar is geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is waardeur ons gered moet word nie. Handelinge 4:12

...Christus het vir ons sondes gesterf volgens die Skrifte; En dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgestaan het volgens die Skrifte: 1 Korintiërs 15:3-4

in wie ons die verlossing het deur sy bloed, die vergewing van sondes na die rykdom van sy genade; Efesiërs 1:7

And the gospel must first be published among all nations. MARK 13:10

SÊ HIERDIE GEBED TOT GOD IN GELOOF:

HERE JESUS, BAIE DANKIE VIR U GROOT LIEFDE VIR MY. EK BELY EK IS 'N SONDAAR EN EK VRA OM VERGIFNIS. DANKIE DAT U AAN DIE KRUIS GESTERF HET OM DIE STRAF VIR MY SONDES TE BETAAL. EK GLO IN JOU OPSTANDING UIT DIE DOOD. VAN NOU AF VERTROU EK U AS MY HERE EN VERLOSSER. EK AANVAAR JOU GESKENK VAN DIE EWIGE LEWE EN EK GEE MY LEWE AAN JOU OOR. HELP MY OM U BEVELE TE GEHOORSAAM EN AANGENAAM TE WEES IN U OË. AMEN.

AS JY IN JESUS CHRISTUS GLO, HET DIE VOLGENDE MET JOU GEBEUR:

▪ JY HET DIE EWIGE LEWE SAAM MET GOD.
En dit is die wil van Hom wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê; en Ek sal hom opwek in die laaste dag. JOHANNES 6:40

▪ AL JOU SONDES IS VERGEWE. (VERLEDE, HEDE, TOEKOMS)
Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde, in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes. KOLOSSENSE 1:13-14

▪ JY IS 'N HELE NUWE SKEPSEL IN DIE OË VAN GOD.
DIT IS DIE BEGIN VAN JOU NUWE LEWE.
Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword. 2 KORINTIËRS 5:17

▪ JY IS NOU 'N KIND VAN GOD.
Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; JOHANNES 1:12

OM GOEIE DADE TE DOEN IS NIE 'N MIDDEL TOT REDDING NIE, MAAR 'N BEWYS VAN ONS REDDING.

Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself : dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. EFFESIËRS 2:8-9

Alle traktate gratis soos God voorsien. Moenie verkoop nie.

DAAR IS VIER WAARHEDE WAT ONS TEN VOLLE MOET VERSTAAN:

1 GOD HET JOU LIEF.

GOD WIL HÊ DAT JY DIE EWIGE LEWE SAAM MET HOM IN DIE HEMEL MOET HÊ.
Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. JOHANNES 3:16

GOD WIL HÊ JY MOET 'N OORVLOEDIGE EN BETEKENISVOLLE LEWE HÊ.
Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê. JOHANNES 10:10

BAIE MENSE ERVAAR EGTER NIE 'N SINVOLLE LEWE NIE EN IS ONSEKER OOR DIE EWIGE LEWE OMDAT...

2 DIE MENS IS VAN NATURE SONDIG. HY IS DUS GESKEI VAN GOD.

ONS IS ALMAL SONDAARS.
Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God, ROMEINE 3:23

DIE STRAF VIR SONDE IS DIE DOOD.
Want die loon van die sonde is die dood... ROMEINE 6:23

DAAR IS TWEE TIPES DOOD WAT IN DIE BYBEL GENOEM WORD:

▪ FISIESE DOOD
En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel, HEBREËRS 9:27

▪ GEESTELIKE DOOD OF EWIGE SKEIDING VAN GOD
Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruweliikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood. DIE OPENBARING 21:8

AS DIE MENS VAN GOD GESKEI IS WEENS SY SONDE, WAT IS DIE OPLOSSING VIR HIERDIE PROBLEEM?

ONS DINK DIKWELS DAARAAN AS DIE OPLOSSINGS:

GODSDIENS, GOEIE DADE, MORALITEIT

DAAR IS EGTER NET EEN OPLOSSING WAT DEUR GOD VOORSIEN WORD.

3 JESUS CHRISTUS IS DIE ENIGSTE WEG NA DIE HEMEL.

DIT IS WAT GOD GESÊ HET.
Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. JOHANNES 14:6

JESUS CHRISTUS HET DIE VOLLE STRAF VIR JOU SONDES BETAAL.
Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring—Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees; 1 PETRUS 3:18

GOD HET DIE BELOFTE VAN DIE EWIGE LEWE.
Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom. JOHANNES 3:36

DIT IS EGTER NIE GENOEG OM NET TE WEET WAT JESUS CHRISTUS VIR ONS GEDOEN HET NIE.

4 ONS MOET ONS GELOOF IN DIE HERE JESUS CHRISTUS STEL VIR ONS VERLOSSING.

ONS VERLOSSING WORD MOONTLIK GEMAAK DEUR DIE GENADE VAN GOD DEUR GELOOF IN JESUS CHRISTUS.
Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. EFFESIËRS 2:8-9